

Vrydag 7 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 11:18 –
12:17

Fokusgedeelte: Jeremia 12:16
(1983-vertaling)

Deur swaarkry is God besig om sy kinders te vergader!

As God se profeet het Jeremia bitter swaargekry. Sy eie familie wou hom doodmaak omdat hy met sy uitsprake hulle in onguns by die koning en die volk gebring het. Sy eie mense het hom met die dood gedreig as hy weer enigiets “in die Naam van Here” (vs 21) sou profeteer. Hierdie lyding moes Jeremia ervaar, terwyl dit op die oog af goed gegaan het met mense wat goddeloos en ontrou aan die Here was. As Jeremia sy hart met God deel, twyfel hy nie daarin dat God regverdig is nie, tog verstaan hy nie sy lyding nie.

As God vir Jeremia bemoedig, wys Hy hom daarop dat sy eie mense, sy eie volk, Hom ook verwerp het. God moet toekyk hoe slegte konings sy mense, sy volk vir wie Hy lief is, verniel en vertrap. Tog belowe God dat Hy Hom in die toekoms weer oor sy kinders gaan ontferm, en nie net oor hulle nie, maar ook oor hulle uit die buurvolke wat in die Naam van die Here 'n eed sal aflê met: “So seker as die Here leef!” (12:16),

In van die donkerste oomblikke in die geskiedenis van God se kinders, ook in een van die moeilikste oomblikke in tyd en ewigheid vir ons hemelse Vader, belowe Hy dat Hy Hom sal ontferm oor sy kinders uit alle volke tale en nasies. Deur lyding en swaarkry bewerk God verlossing vir sy uitverkorenes vanuit al die volke en nasies.

Die moeilikste oomblik vir die Vader moes nog kom. Deur die lyding en swaarkry van sy eie geliefde Seun het Hy verlossing bewerk vir elke uitverkore kind van Hom. Deur ons eie leiding en swaarkry kan ons weet dat God ook met ons 'n pad van verlossing stap, en daarom kan ons biddend deur die krag van sy Gees in die geloof volhard.

Sing: Skrifberyming 14-2:1, 2

Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)